

Nuusbrief van die Houtwerkvereniging van Pretoria



Tambotie

Newsletter of the Woodworking Association of Pretoria

Junie

1999

June

Wild en Bome en Oudhede

Ma en ek het onlangs weer vir 'n klompie dae in die Wildtuin gaan kuier en weereens was dit 'n baie genotvolle kuiertjie. In teenstelling met ons besoek verlede jaar, toe die Wildtuin droog en dor was, was alles nou pragtig groen en welig. Die riviere loop, die meeste damme het nog baie water en die diere is spekvat.

Ons geniet dit altyd om in die kampe rond te loop en te kyk na die verskillende bome wat ook dan meesal deur die Parkeraad gemerk is – dit maak uitkenning soveel makliker. Ek is nou nie 'n boomkenner nie en daarom was ek baie bly om in Onder-Sabie 'n boom raak te loop wat ek nog nooit gesien of van gehoor het nie – dis nou die **Paddaboorn** (*Tabernaemontana elegans*), 'n pragtige bladwisselende boom met groot blink donkergroen blare. Die vrug is omtrent so groot soos 'n rugby-nartjie met 'n uitgroeiing wat soos 'n kop lyk. Die skil het dieselfde skurwe tekstuur as die van 'n padda se vel – vandaar seker die naam. Dit kom hoofsaaklik in die Punda Mulila/Pafuri gebied voor – elders enkeles langs riviere; ook in ruskampe aangeplant. Die hout is lig en sag met 'n ligte geel kleur en growwe grein. Bevat baie melksap.

Daar was verbasend baie ouerige mense in die Wildtuin asook Kapenaars en Natallers. Soos die een oubaas vir my gesê het: "Hier kan ons veilig en relatief goedkoop vakansie hou."

My buurman by Onder-Sabie was 'n

afgetrede boer uit die Kokstad omgewing. So om 'n braaivleisvuurtjie en met die nodige in die hand, het hy vir my te vertel dat daar nog tot onlangs baie ou geelhout en stinkout meubels in die gebied beskikbaar was veral onder die plaaslike bevolking. Oudhede handelaars het egter ingeklim en vandag is daar weinig oor. Party mense sou nou argumenteer dat dit uitbuitery is omdat die eienaars nie vir die werklike waarde van die meubels vergoed word nie. Ander sou weer kon aanvoer dat die 'uitbuiters' bydra om die meubels vir die nageslag te bewaar.

Uitbuitery kan ons nie goedpraat nie, maar over geset zynde is dit vir my ook belangrik dat hierdie volkseie handewerk van weleer behoorlik onderhou en bewaar word al is dit dan net om vir ons, as houtwerkers, as inspirasie te dien.

“99 vir”

Teen die tyd wat julle hierdie nuusbrief ontvang, het daar al 'n paar belangrike gebeurtenisse plaasgevind.

Die stemmery is verby (dankie daarvoor) en al die uitslae is bekend (hopelik). Wat vorentoe gaan gebeur is nie vir ons as aardlinge beskore om te voorspel nie. Hopeklik sal alles weer binnekort, na al die gejuig en geweën, weer na normaal terugkeer – wat normaal is weet ek ook nie meer so mooi nie, want gister se normaal is vandag abnormaal.

Ons sal ook weet of Hansie en sy manne die knoop met Pakistan deurgehak het. Hulle het ons ondersteuning nodig want, sien, daardie spaan wat hulle gebruik is mos van hout gemaak!

A Stylish Veteran

In our organization we have a very special veteran; a veteran banker, veteran woodworker, veteran member and veteran pensioner.

The following article was published in *First News*, newsletter of First National Bank, and concerns our veteran.

"Is there life after 41 years of service in the Bank? Absolutely! **Louis van der Merwe**, a pensioner in his eighties, is keeping himself more than occupied in his golden years.

His hobbies are woodwork, photography, journalism, caravanning, serving his church and many more. One of the highlights as far as Louis is concerned is certainly being asked to restore a Bishop's Throne dating back to the fourteenth century. The restored throne, used by the first bishop of Pretoria, can be seen at St Alban's Cathedral in Pretoria.

Louis also designed and built two caravans in the fifties which, incidently, were featured in an edition of the Carvan and Outdoor magazine in 1998.

When you enter Louis' workshop you are met with the following words of inspiration: 'Why seekest thou rest, since thou art born to labour!'

Louis started his career in the Bank in 1935 when he joined the Nylstroom branch as ledger keeper. He retired as manager business development, Northern Region, in 1977.

Mary van der Merwe's most challenging hobby has been bringing up seven children."

Notices ~ Kennisgewings

Uitstalling van Houtsnswerk

Elzabé Jacobs (een van ons lede) en haar studente bied 'n uitstalling van houtsnswerk aan in die **KUNSGALERY** (Hoofbiblioteek), Cantonmentsweg, Lyttelton vanaf 19:00 op Maandag 14 Junie 1999 tot 25 Junie. Elzabé geniet internasionale erkenning vir haar werk en die uitstalling behoort iets besonder te wees.

Leonardo da Vinci uitstalling


'n Uitstalling van die lewe en werke van hierdie baie bekende ontwerper/uitvinder word tans in die **KUNSMUSEUM**, Parkstraat, aangebied. Volgens van ons lede wat dit reeds besoek het, is dit 'n baie interessante en insiggewende uitstalling. Dit duur nog tot iewers in Junie.

Annual Subscriptions

Members are reminded that 15 June is the final date for renewing their subs. The names of those in arrear will be removed from the nominal roll and they will be deemed as having resigned their membership.

Volgende Byeenkoms

Eldoraïne Hoërskool is die bymeakaarkomplek vir ons volgende byeenkoms op **30 Junie**. Die program vir die aand is verftegnieke en die kleur van hout.



'n Besondere effek kan verkry word deur sekere meubels te kleur of te verf. Vir die konserwatiewes onder ons sal dit meskien na hoogverraad klink, maar dit is vandag 'n erkende tegniek mits dit korrek uitgevoer word. Kom kyk gerus hoe dit gedoen word.

Glancing Around

Witwatersrand Woodworkers Assoc have elected a new chairman in the person of Alastair Brande. Mark Wood was re-elected secretary. Congrats you guys and may your term of office be fruitful.

Our colleagues in **Durban** have initiated a 'woodblock challenge' similar to our Project Plank. A local firm has supplied the blocks of wood and members are now 'challenged' to make something from it. Wits have arranged a bathroom project for this year.

I am very much in favour of this kind of competition or exercise - it allows you the freedom to design and make something nice and useful within set parameters incorporating various woodworking disciplines and, at the same time, exercising your skills.

VORIGE VERGADERING

More than 40 members attended our last meeting hosted by **P&S Timbers/Mica** in Brooklyn. Chris welcomed the following visitors: David Frank, Steve du Toit and Louw Rheinders. He apologized for not having the exhibition criteria available but promised to provide them at the next meeting. Chris also reminded members of Project Plank and requested them to participate in this event scheduled for July.

Once again the annual Aids and Gadgets evening was a roaring success and once again we were treated to a number of great ideas to make life in the workshop so much easier. You know what? I believe that all the thinking and effort that goes into making a special jig is just as interesting and enjoyable, and sometimes as daunting, as making the actual project, especially if it works.

Using a special jig or pattern and a router, **Louw Trichardt** demonstrated how to cut and join post formed boards at right angles without having to saw miter's. The join is just about invisible and a substantial amount of wood is also saved.

Willie Marneweck se verstekafsnnytafel vir sy tafelsaag het baie byval gevind. Ek hou van die verstelbare arm wat toelaat dat verskillende hoeke gesny kan word. Sy ander twee setmate was goeie voorbeelde van hoe daar met 'n bietjie vindingrykheid en afval hout eenvoudige setmate vir 'n spesifieke doel gemaak kan word.

A router table guide fence with an unique adjusting and clamping

mechanism, was **Carl van Rensburg's** project.

Two Patrick Spielman mortice and tenon router jigs were made and demonstrated by **Keith Jones**.

Prof **Nat Grobbelaar** is nie net 'n plantkundige nie maar ook 'n versamelaar van boude en moere en wassers wat hy in oopgesnyde oliekanne berg. Sy sorteertafel en veral die pyp wat hy gebruik om al die moere ens weer in die kan te kry het baie gunstige kommentaar en reaksie uitgelok.

Beide **Danie Venter** se setmate vir die sny van skuif-swaelsterse vir die invoeg van rakke en **Jan van Oudsthoorn** se setmaat vir die sny van halfhoutvoee het goeie applous gekry.

The most original jig, that had everyone roaring, was demonstrated with great relish by **Don Moody**. It is called the "**Zuma Special Protection Jig**" and consists of a piece of special rubber, supplied gratis by the Dept of Health, and used to isolate router and other micro-switches (which are preposterously expensive) from harmful wood-dust deseases. Don

guarantees that they have not been punctured by staples.

Baie dankie aan Carel Louw wat die aand gereel het. Ook vir sy wiskundige inset om die radius van 'n spesifieke boog te bepaal. As ek reg onthou is die formule:

$$2RB = \sqrt{a+b} \{E..mc2\} 2$$
$$6x-y$$

of so iets.

Dit was 'n baie aangename aand en die manne het dit geniet om weer in die winkel rond te snuffel. 'n GROOT dankie aan ons gashere vir die beskikbaarstelling van hulle perseel asook die lêkker verversings wat hulle verskaf het - dit het baie bygedra tot die sukses van die aand.

Ons Adres

Posbus 50993
Wierdapark, 0149
Tel en Faks: 654-5785
E-Pos: tambotie@mweb.co.za

Turning in the Round

(Report written by Jack Munting)

Last month's turning group again gathered at the Eldoraigne High School. This time only nine members turned up with the month's project: a dowel 500 x 13mm turned without using sand paper, and an item of own choice. To me it seemed that turning a dowel would be an exercise in futility but it turned out rather to be a good exercise in turning skills and a test of one's patience.

Elke kêrel (ons weet nog nie van dames-draaiers in Pretoria nie) moes kortliks noem waarmee hy die 'stokkie' gedraai het, probleme wat hy daarmee ondervind het en watter hout gebruik is. Dit het geblyk dat, soos die Souties sê, daar meer as een manier is om 'n kat dood te maak want daar is van omtrent elke soort beitel gebruik gemaak.

At, Deon and Louw used the skew. Jack and Roger a roughing gouge, John the spindle gouge, Nic a scraper and Leon, very scientifically, turned part with all these chisels to determine which would give the best results - I don't recall the conclusion he came to. Timbers used were Oregon Pine, Cypress, Kiaat, Imbuia and SA Pine. The consensus appeared to be that one has to turn them at the

highest possible speed and with, as usual, very sharp tools.

Daarna het elkeen 'n beurt gehad om te demonstreer hoe hy te werk gegaan het en is daar ook geleentheid gegee om met ander beitels te eksperimenteer.

Die 'eie-keuse' items was ook interessant afgesien van die van ons wat daarvan vergeet het of dit 'by die huis' gelaat het. Daar was 'n puik vingerhoedjie van Tambotie, 'n bakkie van die mik van 'n Oliehout boom, 'n potjie met 'n deksel van 'n stuk dwarsleer en dies meer.

Let asseblief daarop dat die projek vir die volgende byeenkoms 'n skeplepel (scoop) is.

Tyd en plek dieselfde - datum is die tweede Dinsdag van Junie. Onthou ook om ere verversings saam te bring.



The Woodworker: Vol 103 - Issue 3

- * Bob Wearing makes a micro-thicknesser for the router.
- * Plywood dovetail for bird lovers.
- * Country-style coffee table.
- * Convert your Workmate into a router, saw and beltsander table.

Practical Woodworking: Vol 34 No 4

- * Turners: A lamp stand with a difference.
- * Bathroom cabinet - cottage style.
- * Making drawers. Jim Kingshott discusses various drawers and fitting them.

Furniture and Cabinetmaking: Apr 99

- * Making a traditional linenfold chest.
- * Factors influencing good glue joints.

Traditional Woodworking: May 99

- * Good article on steambending.
- * A handy box to store your oil stones.
- * 'Wood in the Air'. The Mosquito of WW2.
- * Bodging in Kwa Zulu Natal. A Brit (Ian Warburton) teaches the Zulu's how to use a pole lathe and shaving horse.
- * A very nice pair of walnut and cherry tables.

Nuwe Lede / New Members

Ons verwelkom graag die volgende twee nuwe lede in ons midde:


Steve du Toit van Sadiestraat 325, Lynnwoodpark (361-1531). Steve is 'n afgetrede Vlootoffisier en hou van algemene houtwerk.

David Franks who resides at 270 18th Avenue, Villeria, (329-0025) is a salesman and enjoys making small items and gifts for sale at craft markets.

>Tips<

Making Short Longer

If you have cut the length of a rail to short and you do not have a similar piece of wood, how do you save the day? Saw the rail in half diagonally along its length using a taper jig on the tablesaw. Then slide the halves along the diagonal to obtain the desired length and glue them back together. Use biscuits to keep them aligned. Saw of the protruding triangles. The remaining rails will have to be reduced in width.




Cutting Parts

When crosscutting, start with the longest parts and work toward the shorter ones; if you miscut a part, you can recut it for a shorter part. Always cut extras, and keep your scraps until the project is completed in case you need to make replacements or patches. If you require 10 dividers for a screen, cut 11. Cutting 11 rather than 10 is no big deal, but if you must make an individual replacement from scratch, it takes ten times as long.

Measurements

Many of our most 'painful' mistakes come from incorrect measurement, which can creep in at various stages of a project. One of the safest and more accurate methods you can apply, is to use a story pole. (The Brits call it a rod). Lengths and widths of cabinet or furniture parts are marked directly on the rod and can be used to layout cuts, joints or to set up machine operations. You thus measure only once using your tape or ruler.



Story Pole or Rod

We will be looking at story poles in more detail in a later issue

Ontwerp in Houtwerk

Ontwerp is iets waarmee alle houtwerkers een of ander tyd te doen kry veral by die aanvanklike stadiums van 'n projek. Die meeste van ons het waarskynlik geen formele onderrig in die onderwerp ontvang nie en het maar ons eie metodiek en ontwerp tegniek ontwikkel.

Ontwerp word weerspieël in die voorkoms, die vorm, en die afmetings van 'n projek asook die verhouding van bogenoemde tot mekaar. 'n Swak ontwerp kan nie deur goeie handewerk verbeter word nie. Aan die anderkant sal 'n goeie ontwerp nie in dieselfde mate deur swak vakmanskap beïnvloed word nie.

Wat dan is ontwerp? Waarvoor gaan dit?

Met ons laaste vergadering het **Theo van Wyk** 'n skrywe oor die onderwerp in my hand gestop. Dit is 'n basiese dog insiggewende inleiding tot hierdie onderwerp. In die volgende paar uitgawes gaan ons dus die verskillende ontwerpbeginsels naamlik: funksionaliteit, voorkoms, materiale en konstruksie, van nader bekyk. Ek vertrou dat dit vir julle van waarde sal wees. (Die materiaal is hier en daar geredigeer)

INLEIDING

'n Ontwerp is 'n plan om iets te maak, iets wat ons kan vashou of sien, wat twee- of driedimensioneel is. Dit is nie slegs die skep van iets wat nog nie voorheen gesien is of bestaan het nie. Daar is min mense wat werklik in staat is om oorspronklike ontwerpe te skep.

Ontwerp is die beplande rangskikking van materiale en vorms op so 'n wyse dat dit 'n spesifieke doel(funksie) verweselik

Ons kyk vervolgens na die belangrikste ontwerpbeginsels.

FUNKSIONALITEIT

Die werkstuk wat gemaak word, moet vir 'n spesifieke doel geskep word. Funksionaliteit dui op geskiktheid tot funksie,

ergonomie, materiale en tegnieke. Behalwe dat die voorwerp sekere funksies moet verrig, moet dit ook diensbaar, esteties aanvaarbaar en emosioneel bevredigend wees.

Funksie(s)

Daar moet vasgestel word watter funksies die werkstuk alles moet verrig. Die doel met die werkstuk word dus ontleed om seker te maak dat al die funksies aandag kry. Hierdeur word die geskiktheid van die werkstuk vir die doel beoordeel. Die vrae wat gevra word is: waar en waarvoor?

Ergonomie

Dit is die studie van die mens in sy verhouding tot sy werk- en

leefwêreld. Die posisie en bewegings van die menslike liggaam, wanneer meubelstukke gebruik word, word aangeteken en bestudeer om seker te maak dat die liggaam in die gemaklikste en voordeligste posisie is. Mense wat lang ure voor 'n lessenaar deurbring kan rugprobleme ontwikkel indien die hoogte van die stoel en lessenaar nie pas by die afmetings van die liggaam nie.

Sogenaamde gemiddelde afmetings is vir die menslike liggaam vasgestel. Die sketse hieronder toon die belangrikste gemiddelde afmetings vir mans aan. Die vroue is minder en dit verskil ook van volk tot volk. Hierdie data help byvoorbeeld om die hoogte en

grootte van meubelstukke te bepaal.

Dit is goed om 'n paar algemene afmetings te onthou wat in ontwerp kan help. Die hoogte van 'n lessenaar of eettafel is ongeveer 760mm, die van 'n stoel sitplek \pm 440mm, beenspasie tussen sitplek en lessenaar \pm 210mm en plekoppervlakte per persoon aan 'n eettafel \pm 610mm. Gemakstoel se afmetings sal laer wees omdat die liggaam meer agteroor ontspan.

Materiale

Die soort hout of houtprodukt, duursaamheid en sterkte dra by tot die funksionaliteit van die meubelstuk. Vir sterk en duursame rakke sal 'n goeie loofhout gekies word, veral as dit opsigtelik sal vertoon. Waar dit minder opsigtelik vertoon kan naalدهout byvoorbeeld gebruik word.

Konstruksie

Funksionaliteit bepaal die soort konstruksie wat gebruik sal word, veral as duursaamheid en voorkoms belangrik is. Spykerkonstruksie is funksioneel vir 'n appeltjie maar nie vir 'n laikas in 'n slaapkamer nie.

Afwerking

Middels waarmee houtprodukte afgewerk word help om die werkstuk meer funksioneel te maak. 'n Skinkbord sal byvoorbeeld met 'n soort vernis afgewerk word wat vlekke sal verhoed en redelik teen hitte bestand is.

Volgende maand kyk ons na **Voorkoms**.

